PUMATJIE STOEI

Reëls:

1. Stoeiers moet met tekkies stoei. Plat sagte sool sonder enige metaal hakkies of ritssluiters.
2. Indien die stoeier nie 'n stoeipak het nie, kan stoeier met donker kort broek (PT Short) en wit t-hemp stoei. Organiseerders sal rooi en blou enkel bande voorsien.
3. Medies sal geskied 30 minute voor aanvang van wedstryde, om alle stoeiers te beskerm.
4. Stoeiers word volgens ouderdom en ligaamsbou in gedeel.
5. 'n Wedstryd duur 2 min en stoeiers kan in tot soveel as 10 wedstryde deelneem. Tyd word van 'n sentrale punt beheer ongeag die hoeveelheid matte waarop gestoei word. Daar word 30 sekondes tussen wedstryde toegestaan om stoeiers te ruil.
6. Die hoof doel is genot en geen wen motief word gekweek nie,daarom word daar geen gevaarlike grepe of gooie toe gelaat nie.
7. Die klub met die beste gedrag,,spangees,,kreet en voorkoms wen 'n wisseltrofee wat by die volgende byeenkoms weer ingehandig word. Dit is die enigste kompetisie waarvoor gekompeteer word.
8. Stoei vind plaas op n standaard stoei mat.
   In staan-stoei sal stoei onderbreek word wanneer enige stoeier aan die buite sirkel raak waarna die stoei weer hervat word in die middel van die mat in staan stoei posisie.
   In mat-stoei sal stoei onderbreek word wanneer die verdedigende stoeier se kop en skouers buite die sirkel is. Stoei sal weer hervat word in die middel van die mat in staan stoei posisie.
9. 'n Wedstryd word beheer deur een skeidsregter met n fluitjie. Die skeidsregter moet omsien na veiligheid en genot.
10. Indien daar vir 5 tellings geen aktiewe stoei plaasvind in mat-stoei nie, sal stoei onderbreek en weer in die middel van die mat in staan-stoei posisie voort gesit word.
11. Die skeidsregter moet toesien dat geen wurgaksies, hoë gooi-grepe of enige ander grepe toegepas word, wat moontlik beserings kan veroorsaak nie. Indien wel sal hy stoei onmiddelik onderbreek en die oortreder aanspreek en verduidelik. Stoei sal weer voortgesit word in die middel van die mat in staan-stoei posisie.